# SONDAGSKOOL LES: 5. Jesus is die Antwoord

**Doel van les:**

- Hierdie week gaan kinders ontdek dat Jesus die antwoord op ons sonde is. Hulle gaan leer dat Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en met Sy bloed ons plek in die Hemel gekoop het. Jesus het gekry wat Hy nie verdien het om te verhoed dat ons kry wat ons wel verdien, die hel, ewige skeiding van God.

**Ysbreker: Sonde raak swaar**

Gee vir elke kind 'n boek en hulle moet "imagine" dat hierdie boek al die sondes wat hulle ooit gedoen het, bevat.

**Sê:** In hierdie boek staan al jou sondes wat jy al ooit gedoen het, opgeskryf. Elke keer wat jy gejok het, teruggepraat het, baklei, verkeerde goed gekyk het en alle ander sondes. Hoe lank sal jy hierdie boek kan hou as jy jou arm sou uitstrek en dit so vashou? Na 'n tydjie sal selfs die kleinste boek moeilik raak om op te hou.

Ek het iemand nodig wat dink hulle is redelik sterk.

Laat die vrywilliger kom staan met sy/haar arms uitgestrek soos wat Jesus aan die kruis gehang het, maar met palms wat boontoe wys. Deel kinders in twee gelyke groepe op. Die een groep kinders moet aan die linkerkant van vrywilliger staan en ander aan die regterkant. Kinders moet nou een een hulle boeke op vrywilliger se linker- en regterhand plaas. Die boeke moet heeltyd gebalansseerd wees tussen die regter en linkerkant. Kyk hoe lank die vrywilliger die boeke kan hou en of hy/sy almal kan hou.

Nadat al die boeke op die vrywilliger se hande geplaas is of die vrywilliger nie meer kan die boeke ophou nie laat almal gaan sit.

**Sê:** Kan julle net "imagine" hoe swaar die sondes in hierdie groep kan wees? Wat van al die sondes van elke lid in ons kerk? Wat van al die sondes in Algoa Park? Jesus het nie net sekere sondes kom dra aan die kruis nie. Die Bybel sê in 1 Joh 2:2: En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. Jesus was sonder sonde. Dit was as gevolg van ons sonde dat Hy aan die kruis gesterf het. Hy het in ons plek gesterf.

**Vraag:**

- Hoe laat dit jou voel om te weet wat Jesus vir jou gedoen het aan die kruis?

Sover het ons geleer dit maak nie saak hoe hard ons probeer nie, ons sal nooit goed genoeg wees om op ons eie in die Hemel te kan kom nie. Tog is die hemel gratis. Ons het geleer dat ons almal sonde doen. Sonde bring skeiding tussen ons en God. God is regverdig en moet sonde straf, wat die dood beteken. God is ook genadig en wil ons nie straf nie.

**Sê:** Vandag gaan ons 'n bekende gedeelte lees in Johannes. Dit begin met 'n man genaamd Nikodemus wat vir Jesus 'n baie belangrike vraag vra. Die antwoord wat Jesus hom gee, is 'n les vir almal van ons oor hoe om gered te word.

**Groepwerk: Lees Johannes 3:1-21**

**Vrae:**

1. Wat beteken wedergeboorte? (Om die Hemel te kan ingaan vereis 'n wedergeboorte, iets onmoontlik vir die mens, maar moontlik vir God. Om weer gebore te word beteken om 'n nuwe mens geestelik te word, 'n persoon wie se sondes vergewe is en betrokke in 'n intieme verhouding met God.)
2. Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê die Seun van die mens moet verhoog word? (Hy praat van Sy kruisiging en wanneer ons ons geloof in Hom plaas, sal ons gered word.)
3. Lees weer verse 16-18. Wat beteken dit werklik om te glo? (Dit beteken om in Jesus alleen te vertrou en Hom die Here van jou lewe te maak. Dit beteken om dan 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom te leef.)
4. Hoe dink julle het Nikodemus weggestap van die gesprek?

a) Totaal verward;
b) Met 'n duidelike verstaan van wedergeboorte;
c) Oortuig dat hy Jesus moet vertrou en volg;
d) Met meer vrae as antwoorde;

5. Wat van jou?

Kry terugvoering.

Vandag het ons geleer hoe God die sonde problem opgelos het deur Sy enigste Seun te stuur om vir ons te sterf. Jesus was geheel en al sonder sonde. Hy het gekry wat Hy nie verdien het nie om te verhoed dat ons kry wat ons verdien, die dood. Sy genade is vir elkeen van ons bedoel.

G-od's

R-iches

A-t

C-hrist's

E-xpense

Het jy al ja gesê vir daardie genade/grace?

Sluit af met gebed in groepe.